**BERGRIVIER MUNICIPALITY**

**Bergrivier Municipality ensures the wellbeing of all communities within the Bergrivier region through economic growth, social wellbeing, community involvement and effective management within a safe and healthy environment**.

**Bergrivier Municipality, with its head office in Piketberg and approximately 90 minutes' drive from Cape Town, currently has the following vacancy and awaits applications from competent persons who comply with the minimum job requirements. (Women and persons with disabilities are encouraged to also apply.)**

**VACANCY**
**INTERNAL & EXTERNAL APPLICATIONS WILL BE CONSIDERED**

**HANDYMAN: BRICKLAYING (PORTERVILLE)**
**DIRECTORATE: TECHNICAL SERVICES**
**REF: TD225/551/PV**

**Qualifications:** Minimum Grade 10

**Experience:** 0 - 1 year' relevant bricklaying experience

**Requirements:** Proficiency in at least two (2) of the official languages of the Western Cape (Afrikaans/English/Xhosa- Read, Write, Speak) High level of responsibility · Ability to give attention to detail · Good supervision, human relations, interpersonal and communication skills · Required to work in all weather conditions · Must be prepared to enter confined areas such as manholes, inlets, pipes and culverts · Must be physically fit and able bodies · Required to work outside normal working hours during emergencies and planned overtime · Must perform duties in the whole area of the municipality when required

**Job Purpose:** Co-ordinates and controls the set-up, work in progress and completion of specialized tasks/activities associated with bricklaying, including, monitoring and correcting the productivity and performance output of support personnel and attending to routine/general administrative recoding requirements contributing to the accomplishment of departmental objectives

**Key Performance Areas:** Undertakes general labouring tasks at building operations, storm-water, sewerage and road infrastructure maintenance · Completes internal transactional documentation (time sheets, progress and productivity field report, etc.) and related forms · Supervises and controls the rendering of Civil Services with regard to the operations and maintenance · Attends to the storage and care of cleaning tools/equipment · Responsible for Health and Safety compliance with statutory regulations during tasks which include protocols and procedures in order to minimise any accidents, injuries and to maintain a healthy and safe working environment · Skills Development · Responsible to take part in the Municipality's Performance Management and Development System

The Competency Framework for this position is an Operational Competency Level 2 as stipulated in Annexure A of the Municipal Staff Regulations Government Notice R890 as promulgated in Government Gazette 45181 dated 20 September 2021 and comprises of the following competencies:

| Functional Professional Competencies | Public Service Orientation Competencies | Personal Competencies |
|---|---|---|
| • Managing work<br>• Workplace Safety<br>• Task Accountability<br>• Quality Orientation<br>• Oral Communication | • Service Delivery Orientation<br>• Interpersonal Relationships<br>• Communication | • Action and Outcome Orientation<br>• Resilience<br>• Accountability and Ethical Conduct<br>• Learning Orientation<br>• Impact and Influence<br>• Team orientation |

| | |
|---|---|
| **Salary:** | R 178 920.00 per annum (T06 of a Category 3 Local Authority) |
| **Date of acceptance:** | 01 December 2026 or as soon as possible |
| **Enquiries:** | Mr. E Bothma at 022 931 2100 |

**GENERAL:**

1. A service bonus equivalent to one month's salary, where applicable, will be payable and be supplemented by the normal benefits applicable to the Municipality including a housing allowance for homeowners subject to certain conditions.
2. The Municipality is an equal opportunity employer and respects the conditions of the Employment Equity Act, preference will be given to candidates who comply with the Employment Equity Targets.
3. The Municipality is not bound to make any appointment.
4. All appointments are subject to SAPD clearings; which means that you give us permission to obtain SAPD clearance by applying for a position at the Municipality.
5. Applications received after the closing date or which have been received without the documentation mentioned below, will not be considered.
6. Only short-listed applicants will be contacted for interviews. Applicants can regard their applications as being unsuccessful if no feedback has been received within six weeks from the closing date.
7. Canvassing of any councillor and/or member of the Appointment Committee and/or any personnel member of the Municipality will not be allowed and will immediately disqualify applicants.
8. In addition to the minimum job requirements and station mentioned herein, applicants may be expected to work overtime or be on standby, as well as render services in other parts within the municipal area, as required.
9. Appointments in certain posts are subject to security clearance and applicants will also undergo an interview and evaluation process and where necessary, write a trade test.
10. The municipality respects the conditions of the Protection of Personal Information Act. By submitting your information and application you confirm that the information you have provided to us is true, up to date and correct.
11. **Only applications within the Bergrivier Municipal area (WC013) will be considered.**
12. Successful candidates will be expected to sign a contract of employment, disclosure of benefits and interests and a performance contract (where applicable) with the employer.

**A covering letter with at least two (2) contactable references (managers, subordinates or peers), must accompany the completed prescribed application form (available on request at Tel. 022 9136000 or on the municipality's website www.bergmun.org.za) with certified copies of the necessary qualification certificates, ID document, Drivers Licence and a Curriculum Vitae (Maximum of 3 pages), (only one post per application form) to reach Municipal Offices (Aurora, Eendekuil, Redelinghuys, Piketberg, Porterville & Velddrif) within the municipal area or posted to PO Box 60, Piketberg, 7320 or by courier to 13 Church Street, Piketberg, 7320, for the attention of Mr DF Verhoog, to reach him by no later than the closing date.**

**You should note that the Municipality does not accept responsibility for applications that are mailed or sent by courier and are received late or not at all. The onus is still on you to ensure that your application reaches the municipality before the closing date.**

**NO FAXES OR ELECTRONIC APPLICATIONS WILL BE ACCEPTED.**

**CLOSING DATE: WEDNESDAY, 30 SEPTEMBER 2026 AT 16:00**

**ADV H LINDE**
**MUNICIPAL MANAGER**

**MN225/2026**

**13 CHURCH STREET**
**P O BOX 60**
**PIKETBERG**
**7320**

**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

**Bergrivier Munisipaliteit verseker die welstand van alle gemeenskappe in sy gebied deur ekonomiese groei, sosiale welstand, gemeenskapsbetrokkenheid en effektiewe bestuur binne 'n veilige en gesonde omgewing.**

**Bergrivier Munisipaliteit, met sy hoofkantoor te Piketberg en ongeveer 90 minute vanaf Kaapstad, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen. (Vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om ook aansoek te doen.)**

**VAKATURE**
**INTERNE & EKSTERNE AANSOEKE SAL OORWEEG WORD**

**NUTSMAN: MESSELAAR (PORTERVILLE)**
**DIREKTORAAT: TEGNIESE DIENSTE**
**VERW: TD225/551/PV**

**Kwalifikasie:** Minimum Graad 10

**Ondervinding:** 0 - 1 jaar relevante messelwerk ondervinding

**Posvereistes:** Vaardigheid in ten minste twee (2) van die amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans/Engels/Xhosa - Lees, Skryf, Spreek) Hoë vlak van verantwoordelikheid · Vermoë om aandag aan detail te gee · Goeie toesig, menslike verhoudings, interpersoonlike en kommunikasievaardighede · Vereis om in alle weersomstandighede te werk · Moet bereid wees om ingeslote areas soos rioolskakels, inlaaie, pype en kanale binne te gaan · Moet fisies gesond en fiks wees · Vereis om buite normale werkure te werk tydens noodtoestande en beplande oortyd · Moet pligte in die hele munisipale gebied uitvoer indien nodig

**Posdoel:** Koördineer en beheer die opstel, werk in uitvoering en voltooiing van gespesialiseerde take/aktiwiteite verbonde aan baksteenlê, insluitend die monitering en regstelling van die produktiwiteit en prestasiefuitset van ondersteunende personeel en die hanteer van roetine/algemene administratiewe rekordvereistes wat bydra tot die bereiking van departementele doelwitte

**Sleutel prestasie areas:** Voer algemene arbeidstake uit by bouwerks, stormwater-, riool- en padinfrastruktuuronderhoud · Voltooi interne transaksiedokumentasie (tydstate, vordering- en produktiwiteitsveldverslae, ens.) en verwante vorms · Toesig en beheer die lewering van siviele dienste rakende die bedrywighede en onderhoud · Sorg vir die opberging en sorg van skoonmaakgereedskap/-toerusting · Verantwoordelik vir Gesondheid en Veiligheid nakoming van wetlike regulasies tydens take, wat protokolle en prosedures insluit om enige ongelukke of beserings te verminder en 'n gesonde en veilige werksomgewing te handhaaf · Vaardigheidsontwikkeling · Verantwoordelik om deel te neem aan die Munisipaliteit se Prestasiebestuur- en Ontwikkelingstelsel

Die Bevoegdheidsraamwerk vir hierdie pos is 'n Operasionele Bevoegdheidsvlak 2 soos bepaal in Aanhangsel A van die Munisipale Personeelregulasies, Goewermentskennisgewing R890, soos afgekondig in Staatskoerant 45181, gedateer 20 September 2021, en bestaan uit die volgende bevoegdhede:

| Funksionele Bevoegdhede | Bevoegdhede t.o.v Openbare Diensoriëntering | Persoonlike Bevoegdede |
|---|---|---|
| • Werkbestuur<br>• Werkplekveiligheid<br>• Taakverantwoordelikheid<br>• Gehalte-oriëntasie<br>• Mondelinge kommunikasie | • Diensleweringsoriëntasie<br>• Interpersoonlike verhoudings<br>• Kommunikasie | • Aksie- en Uitkomsoriëntasie<br>• Veerkragtigheid<br>• Verantwoordbaarheid en Etiese Gedrag<br>• Leeroriëntasie<br>• Impak en Invloed<br>• Spanoriëntasie |

| | |
|---|---|
| **Salaris:** | R 178 920.00 per jaar (T06 van 'n Kategorie 3 Plaaslike Owerheid) |
| **Diensaanvaarding:** | 01 Desember 2026 of so spoedig moontlik |
| **Navrae:** | Mnr. E Bothma by 022 931 2100 |

**ALGEMEEN:**

1. 'n Diensbonus gelykstaande aan een maand se salaris , waar van toepassing, betaalbaar en word aangevul deur die normale voordele van toepassing op die Munisipaliteit, insluitend 'n behuisingstoelae vir huiseienaars, onderhewig aan sekere voorwaardes.
2. Die Munisipaliteit is 'n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.
3. Die Munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.
4. Alle aanstellings is onderworpe aan 'n SAPS-verklaring wat noodwendig beteken dat applikante toestemming verleen dat dit verkry mag word.
5. Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word of nie vergesel van die dokumentasie hieronder genoem nie, sal nie oorweeg word nie.
6. Slegs aansoekers op die kortlys vir onderhoude sal gekontak word. Indien 'n aansoeker binne 6 weke na die sluitingsdatum nog geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar word dat hul aansoek onsuksesvol was.
7. Gunswerwing by enige raadslid en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van die Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.
8. Benewens die minimum posvereistes en standplaas hierin gestel, mag daar van posbekleërs verwag word om oortyd- en bystanddiens te verrig, asook om van tyd tot tyd in ander dele van die munisipale gebied diens te lewer, soos vereis.
9. Aanstelling in sekere poste is onderhewig aan 'n sekerheidsverklaring en daar sal ook van aansoekers verwag word om 'n onderhoud- en evalueringsproses te deurloop en waar van toepassing, 'n vaktoets af te lê.
10. Die munisipaliteit eerbiedig die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting. Met die inhandiging van u informasie en aansoek bevestig u dat die inligting wat u aan ons verskaf korrek is en 'n ware weergawe van u mees onlangse inligting.
11. **Slegs aansoeke vanuit Bergrivier Munisipale area (WC013) sal oorweeg word.**
12. Daar sal van suksesvolle kandidate verwag word om 'n dienskontrak, openbaarmaking van voordele en belange en 'n prestasiekontrak (waar van toepassing) met die werkgewer te onderteken.

**'n Dekbrief met vermelding van ten minste twee (2) kontakbare verwysings (lynbestuurders, ondergeskiktes of eweknieë), vergesel van die voltooide voorgeskrewe aansoekvorm (op aanvraag verkrygbaar by Tel: 022 913 6000 of op die munisipaliteit se webwerf by www.bergmun.org.za),'n Curriculum Vitae (maksimum 3 bladsye) en gesertifiseerde afskrifte van die nodige kwalifikasie sertifikate, identiteitsdokument en bestuurderslisensie (slegs een pos per aansoekvorm kan by enige van die onderskeie Munisipale Kantore (Aurora, Eendekuil, Redelinghuys, Piketberg, Porterville & Velddrif) binne die munisipale gebied ingehandig word of gepos word na Posbus 60, Piketberg, 7320 of per koerier na Kerkstraat 13, Piketberg, 7320, vir die aandag van Mr. DF Verhoog, om hom te bereik teen nie later nie as die sluitingsdatum.**

**U moet kennis neem dat die Munisipaliteit nie verantwoordelikheid aanvaar vir aansoeke wat gepos of per koerier gestuur word en laat of glad nie ontvang word nie. Die onus berus nog steeds op u om te verseker dat u aansoek die munisipaliteit voor die sluitingsdatum bereik.**

**GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE POS SAL AANVAAR WORD NIE.**

**SLUITINGSDATUM: WOENSDAG, 30 SEPTEMBER 2026 OM 16:00**


**ADV. H LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**KERKSTRAAT 13**
**POSBUS 60**
**PIKETBERG**
**7320**


**MK225/2026**